




'n Tyd vir alles

Ps Karl Holz



19 In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer. Genesis 3:19

Time

has a wonderful way
of showing us
what really matters.



An Iota of Truth


¹⁵ Wees baie versigtig hoe julle lewe: nie soos onverstandige mense nie, maar soos verstandiges. ¹⁶Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons lewe in 'n goddelose tyd. ¹⁷Moet daarom nie onverstandig optree nie, maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen.
Efesiërs 5:15-17

The more you know
about the past, the better
prepared you are for the
future.

~Theodore Roosevelt

¹⁵ Sorg dat julle bo alle verdenking staan en opreg bly, onberispelike kinders van God te midde van ontaarde en korrumperte mense. Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld ¹⁶deur die woord van die lewe uit te dra. Dan sal ek op die dag van Christus se koms rede hê om trots te wees, omdat dit sal blyk dat ek my nie verniet ingespan het nie en nie verniet geswoeg het nie. . Filippense 2:15-16

¹⁰ Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het. Efesiërs 2:10




42 Hulle het hulle heelhartig toegelê
op die leer van die apostels en die
onderlinge verbondenheid, die
gemeenskaplike maaltyd en die
gebede. Handeling 2:42

If you
fail to plan,
you are planning
to fail.



B. Franklin



¹ Elke ding het sy vaste tyd, elke ding in hierdie wêreld het sy tyd: ² daar is 'n tyd om gebore te word, 'n tyd om te sterwe, 'n tyd om te plant, 'n tyd om plante uit te trek, ³ 'n tyd om 'n lewe te neem, 'n tyd om 'n lewe te red, 'n tyd om af te breek, 'n tyd om te bou,

⁴ 'n tyd om te huil, 'n tyd om te lag, 'n tyd om te treur, 'n tyd om van blydskap te dans, ⁵'n tyd om klippe weg te gooi, 'n tyd om hulle bymekaar te maak, 'n tyd om te omhels, 'n tyd om weg te bly van omhelsing af, ⁶'n tyd om aan te skaf, 'n tyd om te laat wegraak, 'n tyd om te spaar, 'n tyd om weg te gooi,

⁷ 'n tyd om te skeur, 'n tyd om toe te werk, 'n tyd om stil te bly, 'n tyd om te praat, ⁸'n tyd om lief te hê, 'n tyd om te haat, 'n tyd vir oorlog, 'n tyd vir vrede. Prediker 3:1-8